

HEBREËRS 9

Gemeente: Ek wil die Here loof,
Liturg: met alles wat in my is wil ek sy heilige Naam loof.

Gemeente: Ek wil die Here loof
L: en nie een van sy weldade vergeet nie.

G: Dit is Hy wat al my sonde vergewe,
L: wat al my siekte genees, wat my red van die graf en

G: my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorfloed laat geniet,
L: my die jeugdige krag van die arend skenk.

Gemeente: Ek wil die Here loof,
Liturg: met alles wat in my is wil ek sy heilige Naam loof.

L: Vrede vir julle, gemeente
G: Vrede ook vir jou, dienaar van die Here

Loflied:

Vonkk 254: 1-4

Dankoffers:

Gebed:

Inleiding:

Tema: Na die seer, die heerlijkheid!

P1 Die seer voor Golgota

P2 Die seer en heerlijkheid tydens Golgota

P3 Die heerlijkheid na Golgota

Slot:

Sang en voorbereiding:

Lied 297: 1-3

Formulier:

Nagmaal:

Lofprysing:

Gemeente: Hy weet waarvan ons gemaak is,

Liturg: Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.

G: Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien,

L: sy trou vir opeenvolgende geslagte, vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom.

G Die Here het sy troon in die hemel gevestig,

L: sy heerskappy strek oor alles en almal.

G: Loof die Here,

L: magtige engele wat sy opdragte uitvoer, sy bevele gehoorsaam.

G: Loof die Here,

L: alle hemelwesens wat Hom dien en sy wil doen!

Almal: Almal wat deur Hom geskep is... loof Hom op al die plekke waar Hy heers!

Slotlied:

Lied 188: 1-3

Seën en AMEN



S O N D A G 11 November 2018
25ste Sondag in Koninkrykstyf



Heuwelsein

09:30 Gesamentlike diens (Nagmaal): Dr Charles

Teks: Hebreërs 9: 23-28

Tema: Ná die seer, die heerlijkheid!

Jy is welkom om saam met jou medegelowiges Nagmaal te gebruik

10:30 Kategese Afsluiting

10:30 Kruiskerk: Geen

15:00 Diens vir Sothosprekendes: Ds Mauritz

18:00 Aanddiens: Ds Mauritz

Teks: Markus 12 : 38—44

Tema: Die weduwee se twee sente

DEURKOLLEKTE:

ENGO

(Maatskaplike dienste van die NGK)

Diakens diensbeurte:	11 November Lourens, Petrusa, Trudie, Hennie, Linda, Martie, Deon	18 November Izak, Clasina, Rina, Schalk, Ina Visser, Rika, Deon
Ouderling diensbeurte:	11 Nov — Pierre van Biljon 18 Nov — Herklaas Smit	Kantoordiens: 11 Nov —Chrisna van Wyk 18 Nov —Christa Mitchell

ALGEMENE INLIGTING:

- **Alle nuwe lidmate!** Hartlik welkom hier by ons! Ons hoop dat jy hier tuis is en jou liefde vir Jesus hier wil ultiel. Gee asb. jou naam na die diens in die voorportaal by die ouderling op en iemand sal jou kontak. By Kruiskerk, meld asb by die leraar aan.
- **Huisbesoek:** Indien u 'n behoefte aan huisbesoek het, kontak asb u Blok-leraar. Indien u bewus is van iemand wat dringend huisbesoek benodig kan u ons daarvoor skakel.
Dr Charles—079 895 3911 of 051 436 4769 Blokke B, D/F, E/G, H/I en M.
Ds Mauritz—079 895 3916 of 051 436 1644 Blokke A, C, J/K, L, N en O
Ons is hier vir jou!
- **Laat weet asb jou leraar van siekte, veral hospitalisasie.** Die hospitale het nie meer lyste beskikbaar waarmee ons lidmate kan opspoor nie. As jy ons nie laat weet nie, kan ons jou nie besoek nie ... en dis vir ons dominees baie sleg as dit gebeur. Laat weet ook asb wanneer persone "step downs" toe gaan
- **Ouers met peuters** wat formele diens bywoon, is welkom om in die kapel te gaan sit. Daar is klank en beeld en dit laat die kinders ook deel van die diens voel
- **Tee:** Ons drink elke Sondag tee tussen die oggenddienste by die luike. Dankie aan die teeskinkers!

LET WEL:

- Indien u dalk sukkel om in die kerk te **hoor**, oorweeg dit om vorentoe te sit. Klein luidsprekers aan die kante voor, help om beter te kan hoor
- By Preller Walk is 'n **posbus** waarin strokies vir Heuwelkruin gegooi kan word
- Ons benodig **kategete** vir 2019. Indien jy geroepe voel tot hierdie heerlike voorreg, kontak ds Mauritz asb
- Blokke en Omgeegroep wat die lapa vir **jaareindfunksies** wil gebruik, kan dit by die kantoor bespreek
- Ons benodig **voorsitters** vir die **ADFIN-kommissie**. As jy gelei voel om dit te doen, kontak asb. een van die leraars
- Ons benodig DRINGEND 2 nuwe **klankoperateurs**. Aansoeke by kantoor
- Ons basaarinkomste staan tans op R175 304, klereverkoop R5636. Die Heuwelkruin/Jan van der Westhuizen-padwedloop, R12 659.96. Net weer eens 'n GROOT dankie vir almal wat tot hierdie fondse bygedra het
- **Belangrike datums:**
- 15 November—**Aliquando-nagmaal**
- 18 November—**Kersangdiens**

Geloofsgelofte-offer:

Hierdie is 'n projek waar gemeentedele die geleentheid kry om buite die gewone maandelikse dankoffer, 'n addisionele dankoffer te gee. Jy het saam met die 2018 kalender so 'n koevert gekry (met rooi gedruk). Daar is ook nog geloofsgelofte-offerkoeverte in die portaal en kerkkantoor beskikbaar. Indien jy só 'n bydrae wil maak, kan jy die koevert in die kollektemandjie gooi, by die kantoor inhandig, of 'n elektroniese bankoorbetaling doen.

Dankoffers Baie dankie dat jy as lidmaat getrou jou dankofferbydrae vir Heuwelkruin se werk in God se koninkryk bydra!

Ons vra nie groter bydraes van lidmate nie—net dat ELKE lidmaat getrou sy/haar dankoffers sal bydra.

Vir u gerief, veiligheid en 'n konstante inkomste vir die gemeente, word u vriendelik gevra om elektroniese inbetalings te oorweeg. Neem asb u lidmaatsnommer saam wanneer u daarvoor gaan reël.
NG Gemeente Heuwelkruin, ABSA; Rek no: 470 583 266; Takkode: 632 005; Verw: U lidmaatnr

Pas asb aftrekorders ook elke jaar aan, dit kan net meehelp om ons verpligtinge oral na te kom.

Indien jy graag 'n spesiale bydrae t.o.v. 'n spesifieke projek van die gemeente wil maak, kan jy dit ook so spesifiseer wanneer jy 'n EFT-orbetaling maak. Dit sal dan vir daardie spesifieke doel aangewend word.

KLEINGROEPBEDIENING

BYBELSTUDIES:

- Dinsdag:** 09:00 Vrouebybelstudie—Marietjie Janse van Rensburg 083 285 2412
09:00 Bybelstudie—Hermine Watson 082 819 9623
18:00 -19:00 Bybelstudie (Blok O)—Fanie Snyman 082 780 8039
- Woensdag:** 09:00 Vrouebybelstudie—Ds Mauritz 079 895 3916
- Donderdag:** 09:30 Boek-vir-Boek Bybelstudie—Ds Mauritz 079 895 3916
- Vrydag:** 08:30 Vrouebybelstudie—Dr Charles 079 895 3911

OMGEEBEDIENINGS:

- Maandag:** 16:30 Gebedsgeleentheid—Christine du Toit 073 413 7790
19:00 Omgeegroep—Jannie Botha 084 294 8540
- Dinsdag:** 07:30 Omgeegroep (Manne) Ebben van Zyl 082 829 6170
18:00 Omgeegroep (Blok M) Robbie Robbertze 082 808 0170 (elke 2e week)
18:00 Omgeegroep (Blok D/G) Johannes Beckmann 079 883 9743
18:00 Omgeegroep (Blok C) Christa Mitchell 083 302 0430
18:30 Omgeegroep (Blok B) Johan Lamprecht 083 262 1419
18:30 Omgeegroep (Blok H/I) Ds Mauritz 079 895 3916
19:00 Omgeegroep (Blok J/K) Johann du Toit 082 467 5027
19:00 Omgeegroep (Algemeen) — Dr Charles Mitchell 079 895 3911
19:00 Omgeegroep (Dames) Ina Visser 083 407 1515
19:00 Omgeegroep (Mans) Jacques Olivier 082 807 2523
- Woensdag:** 14:30 Naaldwerkgroep—Clasina Theunissen 072 759 1732
15:00 Omgeegroep (Blok L)—Piet Heckroodt 082 410 6072
- Donderdag:** 18:30 Selgroep vir werkende jongmense—Elna de Waal 082 550 9916

LIEF EN LEED

- Ons bid vir ds Mauritz en Sonja wat die afgelope week 'n beroep na Outeniqualand naby Groot Brakrivier, ontvang het. Mag God duidelik lei.
- Leonora Ceronio (E/G) Ontvang bestraling
- Lizzy Kahts (M) Ontvang chemoterapie
- Linda en Johannes Beckmann (D/F) se moeders is albei baie ongesteld
- MATRIEKS wat besig is met hulle eindeksamens.—mag God kalmte vir elke vraestel gee
- Persone verkies tot die kerkraad:
 - ⇒ Elna de Waal—Voorsitter Jeugkommissie
 - ⇒ Griesel Muller—Diaken Blok E/G
 - ⇒ Rina Brand—Herkies

ONS BID VIR... MADAGASKAR Madagaskar is die 4-de grootste eiland ter wêreld, geleë in die Indiese Oseaan, met 'n Arabiese, Afrika en Indonesiese oorsprong. Gevolglik praat hulle 12 tale. Madagaskar het plante, voëls en diere wat nêrens elders in die wêreld voorkom nie. Bykans 70% van die bevolking moet oorleef op ongeveer \$2 per dag (min of meer R28 vandag). Die oorgrote meerderheid mense leef van landbou, maar die regering wil andersyds die natuur bewaar vir toerisme as oorhoofse inkomste. Armoede is die logiese gevolg. Siklone en storms is deel van Madagaskar se bestaan.

Ongeveer 50% van die bevolking van Madagaskar is Christene, verdeel tussen Roomse en Protestante. Daar is nie veel Moslems nie, maar tradisionele godsdienste floreer al vir eeue. Die goeie nuus is dat jongmense in die Christendom belangstel en dissipelskap word oral gevind, wat hoop vir die toekoms bied. Hulle land gaan in hierdie dae na die stembus, met 4 vorige presidente as kandidate, maar met nog 32 ander. Die groot uitdagings is armoede, swak gesondheidsorg en menseregtevergrype.

- Bid vir die groei van die evangelie van jonk tot oud;
- Bid ook vir die verkiesing wat daar plaasvind en vir goeie regering waarin die vraagstukke hierbo genoem, werklik aangespreek sal word

Uitstalling van Naaldwerkgroep:

Die uitstalling is op 25 November 2018 en nie 18 November soos op almanak aangedui nie. Daar sal wel tee wees die oggend van die uitstalling. Loer gerus na die uitstalling terwyl julle tee drink.

Namens die groep wil ons net baie dankie sê vir al die skenkings deur die jaar, dit word opreg waardeer.

Week van 11 tot 17 November 2018

Hebreërs 9 : 24—28

Sondag (Gesinsgesels):

Ons almal sien uit na die hemel—om daar saam met God in sy heerlijkheid en volmaaktheid te wees.

- Wat is jou prentjie van die hemel?

Maandag:

Hebreërs stel die hemel voor as 'n "heilighdom" - iets soos die aardse tempel in Jerusalem waar God regeer en Hy in sy heilighdom is.

- Hoe is die beeld van die tempel in Jerusalem reeds vir ons 'n vooruitskouing van die hemelse?
- Wat gaan maak 'n mens in 'n tempel?

Dinsdag:

Hebreërs 9 bring Jesus se versoeningswerk aan die kruis in verband met die offer van die hoëpriester op die Groot Versoendag, in die tempel.

- Wat is die ooreenkomste tussen Jesus se versoening aan die kruis, en die offerhandeling van die hoëpriester in die tempel?
- Wat is die groot verskil (vers 25—26)?

Woensdag:

Jesus se eenmalige offer aan die kruis was genoeg ...

- Wat sê hierdie stelling vir jou persoonlik?
- Hoe poog ons (en die kerk deur die eeue maar) om soms nog iets by die versoeningswerk van Jesus te wil byvoeg?
- Hoe kan jy die eenmalige genoegsame offer van Jesus omhels?

Donderdag:

Hebreërs 9 : 26a & 28a beklemtoon dat Jesus se eenmalige offer ons sonde weggeneem het. Ons is vergewe!!!

- Hoe voel dit om vry te wees van die sonde?
- Hoe voel dit om met Christus se bevryding/vryheid in die wêreld te leef?

Vrydag:

Jesus maak my vry om deur my dissipelskap/navolging van Hom ook ander mense vry te maak ...

- Wat sê bo. stelling vir jou?
- Hoe kan jy dit prakties waar maak in die omgewing waar jy elke dag beweeg en leef?

Saterdag:

Lees môre se teksgedeelte ter voorbereiding vir die erediens. Wat hoor jy?

- **1 Samuel 2 : 1—10**